# 'N FUNDAMENTEEL — OPVOEDKUNDIGE PRESISERING VAN OUER-ONDERWYSERKONTAK

deur

**WILLEM POSTMA, B.A., M.ED.**

**Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**DOCTOR EDUCATIONIS**

**in die Departement Fundamentele en Historiese Opvoedkunde,**

**Fakulteit Opvoedkunde, Potchefstroomse Universiteit**

**vir Christelike Hoër Onderwys**

**PROMOTOR: Prof. dr. J.L. van der Walt**

**Hulppromotor: Prof. dr. S.S. Barnard**

**Potchefstroom**
**Junie 1986**

*DANKBETUIGING*

*Die volgende persone en instansies het die voltooiing van hierdie navorsing moontlik gemaak, daarom my opregte dank en waardering aan:*

* *Prof. dr. J.L. van der Walt, wat met suiwer Skrifgefundeerde wetenskaplike insigte deskundige leiding gegee het. Sy entoe= siasme en werkywer was aansteeklik.*

* *Prof. dr. S.S. Barnard wat met sy kenmerkende noukeurigheid tot die wetenskaplike afronding van die navorsingsverslag bygedra het.*

* *Prof. dr. M.C.A. Seyffert vir sy noukeurige taalversorging.*

* *Mev. C. Monteith vir netjiese tikwerk.*

* *Die personeel van die Sentrum vir Ouerbetrokkenheid by Opvoe= ding en Onderwys (SOOO) vir gewaardeerde bydraes.*

* *Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek wat bekwame hulp verleen het.*

* *Sonder die getroue bystand van Anneke, ons vier kinders, Martinus, Thaleen, Kobus en Willem, sou hierdie werk nie moontlik gewees het nie. Baie dankie.*

*Al die lof, eer en aanbidding aan die God van die Heilige Skrif, die Skepper van hemel en aarde.*

ERKENNING

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolg= trekkings waartoe geraak is, is diê van die skrywer en moet nie beskou word as diê van die Raad vir Geesteswe= tenskaplike Navorsing nie.

INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Dankbetuiging | | i |
| Erkenning | | ii |
| Lys van figure | | xii |
| Lys van tabelle | | xii |
| "Abstract: | A fundamental pedagogical delineation of parent-teacher contact" | xiii |
| Opsomming: | 'n Fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak | xix |

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, AKTUALITEIT, METODE EN DOEL= STELLING VAN DIE NAVORSING

| | | |
|---|---|---|
| *1.1* | *Oriëntering* | *1* |
| *1.2* | *Probleemstelling* | *1* |
| *1.3* | *Aktualiteit van die navorsing* | *2* |
| *1.4* | *Navorsingsdoelstellings* | *6* |
| 1.4.1 | Algemene doel van die navorsing | 6 |
| 1.4.2 | Besondere doelstellings | 6 |
| *1.5* | *Navorsingsmetode* | *7* |
| 1.5.1 | Die metode van literatuurstudie (bibliografiese metode) | 7 |
| 1.5.2 | Die metode van historiese gewig gekoppel met 'n kort vraelys | 7 |
| 1.5.3 | Die prinsipieel-besinnende metode | 7 |
| 1.5.4 | Die probleem-historiese metode | 8 |
| 1.5.5 | Die transendentaal-kritiese metode | 8 |
| 1.5.6 | Die vergelykende metode | 8 |
| 1.5.7 | Die metode van onderhoudvoering (intersubjek= tiewe gesprek) | 9 |
| 1.5.8 | Die fenomeen-analitiese metode | 9 |
| *1.6* | *Afbakening van die ondersoekterrein* | *9* |
| 1.6.1 | Vooraf | 9 |
| 1.6.2 | Wetenskapsteoretiese afbakening | 9 |
| 1.6.3 | Begripsomskrywing | 10 |
| *1.7* | *Program van ondersoek* | *12* |
| *1.8* | *Die struktuur van die navorsingsverslag* | *12* |
| *1.9* | *Samevatting* | *13* |


*

HOOFSTUK 2

2. DIE SOEKE NA DIE KONTOERE VAN 'n SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL VIR OUER-ONDERWYSERKONTAK DEUR DIE EEUE


*2.1 Inleiding* .................................. *14*

*2.2 Die soeke na die kontoere van 'n samelewings=teoretiese model vir die ontsluiting van die probleem van ouer-onderwyserkontak* *14*

2.2.1 Inleidende opmerkings ...................... 14

2.2.2 Die grondmotief vorm-materie ............... 16

2.2.2.1 Vooraf .................................... 16

2.2.2.2 Sokrates (470-399 voor Christus) .......... 16

2.2.2.3 Plato (428-348 voor Christus) ............. 17

2.2.2.4 Aristoteles (384-322 voor Christus) ....... 20

2.2.2.5 Gevolgtrekking ............................ 22

2.2.3 Die natuur-genadegrondmotief ............... 22

2.2.3.1 Vooraf .................................... 22

2.2.3.2 Quintilianus (35-100 na Christus) ......... 24

2.2.3.3 Augustinus (354-430 na Christus) .......... 24

2.2.3.4 Thomas van Auquino (1227-1274) ............ 27

2.2.3.5 Gevolgtrekking ............................ 29

2.2.4 Die natuur-vryheid grondmotief ............. 29

2.2.4.1 Vooraf .................................... 29

2.2.4.2 Immanuel Kant (1724-1804) ................. 31

2.2.4.3 Georg Hegel (1770-1813) ................... 33

2.2.4.4 Auguste Comte (1798-1851) ................. 34

2.2.4.5 Karl Marx (1818-1863) ..................... 35

2.2.4.6 John Dewey (1859-1952) .................... 37

2.2.4.7 Theodor Adorno (1903-1969) ................ 38

2.2.4.8 Gevolgtrekking ............................ 39

2.2.5 Anastatiese denkrigting .................... 40

2.2.5.1 Oriëntering ............................... 40

2.2.5.2 Die Skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in gemeenskap met die Heilige Gees ............................... 40

2.2.5.2.1 Vooraf .................................. 40

2.2.5.2.2 A. Kuijper (1837-1920) .................. 42

2.2.5.2.3 H. Bavinck (1854-1921) .................. 44

2.2.5.2.4 J. Waterink (1890-1966) ................. 46

2.2.5.2.5 J. Chr. Coetzee (1893- ) ................ 47

2.2.5.2.6 H. Dooyeweerd (1894-1977) ............... 54

2.2.5.2.7 D.H.T. Vollenhoven (1892- ) ............. 63

2.2.5.2.8 J.A.L. Taljaard (1915- ) ................ 65
2.2.5.2.9 D.F.M. Strauss (1946- ) ................ 69
2.2.5.2.10 H.G. Stoker (1899- ) .................... 70
2.2.5.2.11 B. Duvenage (1925- ) .................... 71
2.2.5.2.12 J.H. van Wyk (1925-1976) ................ 72
2.2.5.2.13 P.G. Schoeman (1935- ) .................. 74
2.2.5.2.14 J.L. van der Walt (1942- ) .............. 76
2.2.5.2.15 Gevolgtrekking .......................... 79

*2.3 Samevatting* ................................ *81*

*

HOOFSTUK 3

3. 'n SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS SLEUTEL TOT DIE VERHOUDING TUSSEN OUERHUIS/GESIN/OUER EN SKOOL/ONDERWYSER

*3.1 Inleiding* .................................. *82*

*3.2 Ontologiese grondslag van samelewingsverbande* *82*
3.2.1 Oriëntering ...................................... 82
3.2.2 Die soewereiniteit en almag van God ........ 83
3.2.3 Die wet van God ................................ 84
3.2.4 Soewereiniteit in eie kring ................ 85
3.2.5 Universaliteit in eie kring ................ 86
3.2.6 Verskeidenheid en samehang van samelewings= verbande ........................................ 89
3.2.6.1 Inleiding .................................... 89
3.2.6.2 Die religieuse faset van die samelewing .... 89
3.2.6.3 Die temporele faset van die samelewing ..... 90
3.2.6.4 Die modale faset van die samelewing ........ 90
3.2.6.5 Die individuele faset van die samelewing ... 92

*3.3 Relevante samelewingsverbande vir die bepaling van 'n samelewingsteoretiese model as sleutel tot die ver= houding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser* *93*
3.3.1 Oriëntering ...................................... 93
3.3.2 Die Christelike huwelik ....................... 95
3.3.2.1 Die verband tussen die huwelik en gesin .... 95
3.3.2.2 Die wet van God en die huwelik ............. 96
3.3.2.3 Die huwelik as primêre samelewingsverband .. 96
3.3.2.4 Die ontstaan van die Christelike huwelik ... 96
3.3.2.5 Die struktuur van die Christelike huwelik .. 97
3.3.2.6 Gevolgtrekking ................................ 101
3.3.3 Die Christelike ouerhuis en sy opvoedende onderwystaak .................................... 101
3.3.3.1 Inleidende opmerkings ....................... 101

3.3.3.2 Die wet van God en die ouerhuis ............ 102

3.3.3.3 Die ouerhuis as primêre samelewingsverband .. 102

3.3.3.4 Die struktuur van die ouerhuis ............. 102

3.3.3.5 Die opvoedingstaak van die ouerhuis ........ 103

3.3.3.5.1 Oriëntering ............................... 103

3.3.3.5.2 Die religieuse faset van ouerlike opvoeding . 103

3.3.3.5.3 Die temporele faset van ouerlike opvoeding .. 104

3.3.3.5.4 Die modale faset van ouerlike opvoeding ..... 105

3.3.3.5.5 Die individuele faset van ouerlike opvoeding 108

3.3.3.5.6 Gevolgtrekking ............................ 108

3.3.4 Die skool en sy opvoedende onderwystaak ..... 108

3.3.4.1 Inleidende opmerkings ...................... 108

3.3.4.2 Die wet van God en die skool ............... 109

3.3.4.3 Die skool as sekondêre samelewingsverband ... 109

3.3.4.4 Die struktuur van die skool ................ 109

3.3.4.5 Die opvoedende onderwystaak van die skool ... 110

3.3.4.5.1 Oriëntering ............................... 110

3.3.4.5.2 Die religieuse faset van skoolse opvoedende onderwys .................................. 111

3.3.4.5.3 Die temporele faset van skoolse opvoedende onderwys .................................. 111

3.3.4.5.4 Die modale faset van skoolse opvoedende on= derwys .................................. 112

3.3.4.5.5 Die individuele faset van skoolse opvoe= dende onderwys ........................... 115

3.3.4.5.6 Gevolgtrekking ............................ 115

*3.4 Samevatting ............................... 116*

*

HOOFSTUK 4

4. 'n FENOMEENANALISE VAN DIE VERSKYNSEL OUER-ONDERWYSERKONTAK AS TOETS VIR DIE SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL

*4.1 Inleiding ................................. 119*

*4.2 'n Analise van ouer-onderwyserkontak as verskynsel 119*

4.2.1 Oriëntering ............................... 119

4.2.2 Die grondtrekke van ouer-onderwyserkontak .. 120

4.2.2.1 'n Ontleding van ouer-onderwyserkontak as verskynsel ................................ 120

*4.3 Die samelewingsteoretiese model geverifieer aan die analise van die verskynsel: ouer-onder= wyserkontak ............................... 123*

4.3.1 Oriëntering ............................... 123

4.3.2 Die samelewingsteoretiese model getoets aan voorgaande analise van ouer-onderwyserkontak 124

4.3.2.1 Inleiding ................................. 124

4.3.2.2 God is die soewereine skepper van die ganse kosmos .................................. 124

4.3.2.3 Ouer-onderwyserkontak as tydse verskynsel .. 124

4.3.2.4 Ouer-onderwyserkontak as modaalbepaalde verskynsel ............................... 125

4.3.2.5 Ouer-onderwyserkontak as unieke verskynsel 127

*4.4* *Samevatting* ............................. *127*

*

HOOFSTUK 5

5. DIE SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS TOETSMAATSTAF VIR DIE HAN= TERING VAN OUER-ONDERWYSERKONTAK IN DIE LOOP VAN DIE GESKIE= DENIS EN IN ENKELE ANDER LANDE

*5.1* *Inleiding* ................................. *128*

*5.2* *'n Historiese oorsig en toetsing van ouer-onder= wyserkontak in Suid-Afrika (1652-1910) aan die hand van die omlynde samelewingsteoretiese model* *128*

5.2.1 Oriëntering ............................... 128

5.2.2 Ouer-onderwyserkontak in die Kaapse onderwyswese 129

5.2.2.1 Inleiding ................................. 129

5.2.2.2 Ouer-onderwyserkontak tydens die Nederlandse bewind, 1652-1795 ......................... 130

5.2.2.3 Die Eerste Britse bewind, 1795-1803 ...... 131

5.2.2.4 Die Bataafse bewind, 1803-1806 ........... 131

5.2.2.5 Die Tweede Britse bewind, 1806-1910 ....... 132

5.2.3 Ouer-onderwyserkontak in die Transvaalse on= derwyswese ................................ 134

5.2.3.1 Inleiding ................................. 134

5.2.3.2 Die tydperk voor 1860 ..................... 135

5.2.3.3 Modernisering van die onderwys, 1860-1880 .. 136

5.2.3.4 Die Du Toit-onderwyswet (Wet 1 van 1882) .. 137

5.2.3.5 Die Mansvelt-tydperk, 1891-1899 ........... 139

5.2.3.6 Die Christelik-nasionale onderwys- of CNO-beweging, 1901-1906 ...................... 140

5.2.3.7 Die Smuts-onderwyswet (Wet 25 van 1907) ... 141

5.2.4 Ouer-onderwyserkontak in die Natalse onderwyswese 143

5.2.4.1 Inleiding ................................. 143

5.2.4.2 Die Laerstaattydperk en die tyd van die Re= publiek Natalia, 1835-1845 ................ 144

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.4.3 | Die tydperk van die Kaapse Koloniale Regering en van Verteenwoordigende Regering in Natal, 1846-1910 .................................. | 145 |
| 5.2.5 | Ouer-onderwyserkontak in die Oranje-Vry= staatse onderwyswese ...................... | 147 |
| 5.2.5.1 | Inleiding ................................. | 147 |
| 5.2.5.2 | Pioniersjare, 1836-1854 .................. | 147 |
| 5.2.5.3 | Eerste Republikeinse reëlings, 1854-1864 .. | 148 |
| 5.2.5.4 | Sentralisasie, 1864-1899 ................. | 149 |
| 5.2.5.5 | Christelik-nasionale onderwys, 1901-1906 .. | 150 |
| 5.2.5.6 | Generaal J.B.M. Hertzog se School Wet, 1908 (Wet 35 van 1908) ........................ | 150 |
| 5.2.6 | Samevatting .............................. | 151 |
| *5.3* | *'n Kritiese beskouing van kontemporêre ontwikkelinge ten opsigte van ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika, 1910-1986* ........................ | *152* |
| 5.3.1 | Inleiding ................................. | 152 |
| 5.3.2 | Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39 van 1967 .............................. | 154 |
| 5.3.2.1 | Inleiding ................................. | 154 |
| 5.3.2.2 | Beleidsbeginsels van Wet 39 van 1967 ....... | 155 |
| 5.3.2.3 | Die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 1969 | 155 |
| 5.3.2.4 | Evaluering ................................ | 156 |
| 5.3.3 | Instellings vir ouerbetrokkenheid by opvoe= dende onderwys in die RSA in die tagtigerjare | 157 |
| 5.3.3.1 | Inleiding ................................. | 157 |
| 5.3.3.2 | Transvaal ................................. | 158 |
| 5.3.3.3 | Natal ..................................... | 161 |
| 5.3.4 | Die Afrikaneronderwyskongres (18-20 Maart 1982) en ouer-onderwyserkontak .................. | 163 |
| 5.3.4.1 | Inleiding ................................. | 163 |
| 5.3.4.2 | Die Afrikaneronderwyskongres en ouer-onder= wyserkontak .............................. | 164 |
| 5.3.4.3 | Evaluering ................................ | 167 |
| 5.3.5 | Die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys ..................... | 168 |
| 5.3.5.1 | Die totstandkoming en amptelike erkenning van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Op= voeding en Onderwys ...................... | 168 |
| 5.3.5.2 | Die samestelling van die Afrikaanse Ouerver= eniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys | 170 |
| 5.3.5.3 | Grondslag, doel, bevoegdhede en funksies van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys ..................... | 171 |
| 5.3.5.4 | Evaluering ................................ | 172 |

5.3.6 Die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die RSA, 1983 .................................. 173

5.3.6.1 Inleiding .................................. 173

5.3.6.2 Die 1983-Witskrif se bepalinge ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys ... 173

5.3.6.3 Evaluering .................................. 174

5.3.7 Die Wet op die nasionale beleid vir algemene onderwyssake, No. 76 van 1984 .............. 176

5.3.7.1 Inleiding .................................. 176

5.3.7.2 Bepalinge van Wet 76 van 1984 insake ouer-onderwyserkontak .......................... 176

5.3.7.3 Evaluering .................................. 178

5.3.8 Gevolgtrekking .................................. 179

*5.4 Ouer-onderwyserkontak in twee oorsese lande 180*

5.4.1 Oriëntering .................................. 180

5.4.2 Ouer-onderwyserkontak in die Verenigde State van Amerika .................................. 181

5.4.2.1 Inleiding .................................. 181

5.4.2.2 Die Parent-Teacher Association ............. 181

5.4.2.3 Evaluering .................................. 184

5.4.3 Ouer-onderwyserkontak in Wes-Duitsland ..... 186

5.4.3.1 Inleiding .................................. 186

5.4.3.2 Ouerverteenwoordiging in die Rynland-Pfalz 188

5.4.3.3 Evaluering .................................. 189

5.4.4 Vergelykende oorsig en evaluering .......... 191

*5.5 Samevatting en evaluering .................. 192*


*

HOOFSTUK 6

6. DIE SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS TOETSMAATSTAF VIR OUER-ONDERWYSERKONTAK OP MIKRO-, MESO- EN MAKRO-ONDERWYSVLAK


*6.1 Inleiding .................................. 193*

*6.2 Kontakareas en -wyses tussen ouers en onderwysers getoets aan die hand van die samelewingsteore= tiese model .................................. 195*

6.2.1 Inleiding .................................. 195

6.2.2 Identifisering en evaluering van ouer-onderwyser= kontak op mikro-onderwysvlak gesien binne die raamwerk van die samelewingsteoretiese model 195

6.2.2.1 'n Skematiese weergawe van ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak .................. 195

6.2.2.2 Beskrywing en evaluering van probleemareas in ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak 200

6.2.2.2.1 Inleiding .................................. 200

6.2.2.2.2 Die invloed van verskillende tipes gesinne op ouer-onderwyserkontak ...................... 201

6.2.2.2.3 Die beginsel van vennootskap in ouer-onderwyserkontak .......................... 203

6.2.2.2.4 Onderhoudvoering en kommunikasie tussen ouers en onderwysers in ouer-onderwyserkontak .... 211

6.2.2.2.5 Hulpverlening van ouers met die huiswerk van kinders as vorm van onregstreekse ouer-on= derwyserkontak ............................ 222

6.2.2.2.6 Ouer-onderwyserkontak by kinders met ge= dragsprobleme .............................. 226

6.2.2.2.7 Opleiding van ouers en onderwysers vir doelma= tige ouer-onderwyserkontak ................ 229

6.2.2.2.8 Samevatting ................................ 235

6.2.3 'n Eksemplaar van ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model ............... 236

6.2.3.1 Inleiding .................................. 236

6.2.3.2 'n Ouerdag van 'n hoërskool .................. 237

6.2.3.3 Die ouerdag geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model ............... 239

6.2.4 Identifisering en evaluering van ouer-onderwy= serkontak op meso-onderwysvlak gesien teen die agtergrond van die samelewingsteoretiese model 241

6.2.4.1 Werklike en moontlike ouer-onderwyserkontak= punte op meso-onderwysvlak ................ 241

6.2.4.2 Probleemareas in ouer-onderwyserkontak op meso-onderwysvlak .......................... 241

6.2.5 'n Eksemplaar van ouer-onderwyserkontak op meso-onderwysvlak geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model ........... 242

6.2.5.1 Inleiding .................................. 242

6.2.5.2 Vergadering van die Loodskomitee vir Kurriku= lerings- en Eksamineringsondersoeke ........ 243

6.2.5.3 Evaluering van die vergadering van die Loods= komitee vir Kurrikulerings- en Eksaminerings= ondersoeke aan die hand van die samelewings= teoretiese model ........................... 245

6.2.6 Identifisering en evaluering van ouer-onder= wyserkontak op makro-onderwysvlak gesien teen die agtergrond van die samelewingsteoretiese model 246

6.2.6.1 Werklike en moontlike ouer-onderwyserkontakpunte op makro-onderwysvlak ...................... 246

6.2.6.2 Probleemareas in ouer-onderwyserkontak op makro-onderwysvlak ......................... 247

6.2.7 'n Eksemplaar van ouer-onderwyserkontak op makro-onderwysvlak geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model ........... 248

*6.3* *Samevatting en evaluering* ................. *249*


*

HOOFSTUK 7

7. BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS


| | | |
|---|---|---|
| *7.1* | *Inleiding* .................................. | *251* |
| *7.2* | *Probleemstelling en aktualiteit van die navorsing* | *251* |
| *7.3* | *Doelstellings en bevindinge* ................ | *252* |
| 7.3.1 | Inleiding .................................. | 252 |
| 7.3.2 | Navorsingsmetode toegepas .................. | 252 |
| 7.3.3 | Program van ondersoek ...................... | 253 |
| 7.3.4 | Resultate van die ondersoek ................ | 254 |
| 7.3.4.1 | Oriëntering ................................ | 254 |
| 7.3.4.2 | Besondere doelstellings en bevindinge ...... | 254 |
| 7.3.4.3 | Die algemene doelstelling en bevindinge .... | 261 |
| *7.4* | *Algemene gevolgtrekking* .................. | *261* |
| *7.5* | *Aanbevelings op grond van die navorsing* .... | *262* |
| *7.6* | *Verdere navorsingsmoontlikhede wat deur hierdie ondersoek ontsluit is* ...................... | *262* |
| *7.7* | *Samevatting* ................................ | *264* |
| | BYLAAG 1 .................................. | 265 |
| | BYLAAG 2 .................................. | 267 |
| | BIBLIOGRAFIE .............................. | 285 |


* * *

FIGURE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Figuur 2.1 | Struktuurmomente van die werklikheid | 56 |
| Figuur 3.1 | Die mens as lid van verskeie samelewingsverbande | 87 |
| Figuur 3.2 | Eie en samewerkingsterreine van gesin en skool | 88 |
| Figuur 3.3 | Tyd en liefde in die huwelik | 97 |
| Figuur 3.4 | Die funderings- en bestemmingsfunksies van samelewingsverbande | 100 |
| Figuur 3.5 | Samevatting: samelewingsteoretiese model | 118 |
| Figuur 5.1 | Ouerbetrokkenheid in die Suid-Afrikaanse onderwyswese, 1652-1910 | 153 |

* * *

TABELLE

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 3.1 | Die struktuur van die Christelike huwelik | 98 |
| Tabel 3.2 | Ouerlike opvoeding binne die modale struktuur= moment van die werklikheid | 105 |
| Tabel 3.3 | Skoolse opvoedende onderwys binne die modale struktuurmoment van die werklikheid | 112 |
| Tabel 4.1 | Ouer-onderwyserkontak as modaalbepaalde verskynsel | 125 |
| Tabel 6.1 | Ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak | 196 |

* * *

ABSTRACT

A FUNDAMENTAL PEDAGOGICAL DELINEATION OF PARENT-TEACHER CONTACT

After a study of the literature and the analysis of responses to a short, un= structured questionnaire it has emerged that parent-teacher contact is usually based more upon intuition than fundamental pedagogical research. The mistaken assumption that the teacher is seen as, at the most a *supplementary parent,* and not an independent, professionally trained teacher has jeopardized the professional status of the teacher. It has furthermore emerged from the study of the literature and the questionnaire that the following problem areas in connection with parent-teacher contact or resulting from deficient parent-teacher contact, have made this research relevant:

- negative attitudes of parents and teachers as regards parent-teacher con= tact;

- gaps in the communication between parents and teachers when they are in contact;

- parents and teachers are uninformed about parent-teacher contact because of deficient or total lack of training or information as regards ways of making contact;

- uncertainty about the nature, structure and the domain of competence of so= cietal spheres (particularly that of the home and the school), and

- less effective parent-teacher contact in the RSA, specifically at the highest statutory levels.

This research problem and its identified relevancy has led to the formulation of the general aim, viz. that the prospect of a basic or fundamental pedago= gical delineation about the nature of the contact between parent and teacher must be realized. Furthermore, those areas of contact which can lead to the establishment of clear points of departure and directives must be identified. According to these directives the teacher can look for professional contact with the parent, and the parent can cooperate with the teacher without com= promising either the teacher's professional authority or the parent's sphere of competence. The (possible) achievement of the general aim depends on the assumption that three specific aims in particular be attained in this study, viz. to identify the *areas* in which parent-teacher contact can take place,

to determine the fundamental *nature* of parent-teacher contact and the accom= panying responsibility and duty of parents and teachers to make contact, and finally to try to indicate the *implications* of the delineation of parent-teacher contact at micro, meso and macro levels of education.

To achieve the abovementioned aims several acknowledged research methods have been used. An extensive study of the literature had to be undertaken to indi= cate the relevancy of the subject of research, as well as to give historical and comtemporary perspectives on parent-teacher contact as a phenomenon. The study of the literature has also contributed to the structuring of a theore= tical model of society which, in its turn, can serve as a criterion for the evaluation of parent-teacher contact in the history of education and in other countries, as well as at micro, meso and macro levels of education. This method by which the historical facts are weighed and linked to a short, unstructured questionnaire has also served to prove the relevancy of the research. A theo= retical model of society has been desighed, using the method of historical problem analysis and the method of fundamental contemplation. The scientific contributions of various philosophers and pedagogues concerned with parent-teacher contact have had to be evaluated in a transcendental critical way to investigate the epistimological basis of a theoretical model of society. The comparative method has also been used to examine and evaluate parent-teacher contact in two overseas countries, the United States of America and West Germany, keeping the state of affairs as regards parent-teacher contact in South Africa in mind. The phenomenological-analytical method has served to analyse the phenomenon of parent-teacher contact in order to arrive at a fun= damental pedagogical delineation of parent-teacher contact.

These methods have been instrumental in obtaining particular results in a scientific way (constituting a specific programme of research). This pro= gramme of research comprises the following steps:

* an exhaustive study of the literature;

* the drafting, dispatching, reception and processing of the short, unstruc= tured questionnaire and the answer to it;

* the search for the contours of a theoretical model of society through the ages;

* the structuring of a theoretical model of society for parent-teacher contact;

* a phenomenological analysis of parent-teacher contact as a phenomenon;

* the testing of parent-teacher contact in terms of the theoretical model of society in the history of education in South Africa and other countries; and

* the critical assessment of parent-teacher contact at micro, meso and macro levels of education, using the theoretical model of society.

On the whole the structure of the theses corresponds with the programme of research. In chapter one the problem, aim, relevancy, method, delimitation of field of study, definition of terms, programme of research and structure of research are given. The search for the contours of a theoretical model of society for parent-teacher contact through the ages is discussed in chapter two and the ensuing structure corresponds with the abovementioned programme of re= search. In chapter seven the research report is concluded with the findings, conclusions and recommendations.

The results of the research indicate that three specific aims as well as the general aim have been reached. The first specific aim, in which the intention is to identify areas of contact between parents and teachers, is reached when it emerges that parents and teachers have contact with one another at a micro, meso and macro level of education. As regards the micro educational level the local school and all its activities, its control and management (i.c. the governing boards) at a local level and the local parent's associations and parent-teacher associations are included. Parent-teacher contact at a meso educational level comprises the contact between parents and teachers on an organized basis at a regional level (for example school and regional boards and the "Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Onderwys en Opvoeding" at a provincial level). At macro educational level the areas of contact have been identified as those instances where parents and teachers make contact at the highest (informal and more formal-statutory) organized (government) level. The "Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys" (1969) and the "Afrikaneronder= wyskongres" (1982) are examples of informal areas of contact, and the national governing body of the "Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys" of a formal body (acknowledged at a statutory level) which may act on behalf of parents at the highest government level.

The second specific aim, the establishment of the fundamental nature of parent-

teacher contact and the responsibility and duty of parents and teachers to make contact is also reached as the following findings indicate:

* A consideration based on the principles of the nature and structure of marriage, the home and the school as societal spheres has indicated that the latter societal sphere does not exist in isolation, but that it is imbedded in a comprehensive structure of society in which these societal spheres are intertwined and dependent upon the cooperation of all.

* A theoretical model of society has been designed to determine on the one hand how parent-teacher contact should occur to prevent the individual independence of home and school from being interfered with (the principle of sphere sovereignty), and on the other, to determine those areas of co= operation (the principle of sphere universality).

* An important finding which has resulted from the design of the abovemen= tioned theoretical model of society, is that the basic nature of purpose= ful parent-teacher contact is determined by the mutual acknowledgement of the spheres of competence of home and school. The sphere of the school is the development of the logical-analytical abilities of the pupils, and and that of the home (including marriage) the loving (ethical) care of the childern. Parents of the covenant, when in contact with the teachers of their childern, should determine whether the educative schooling of their children corresponds with the life and world view of the home. The teachers, as partners of the parents, should regard education as a continuous action which should link up with the spirit and direction of education at home.

* Parent-teacher contact in the history of White education in South Africa has been assessed by using the theoretical model of society, and it has been found that wherever parents have been denied their primary authority in education (i.c. where education is state-controlled), the basic nature of parent-teacher contact is fundamentally affected. Where parents alone want to support the school (for example the CNE in 1901-1906), parent-teacher contact is adversely affected, because the principle of sphere sovereignty is rejected.

* Where the fundamental nature of parent-teacher contact is not carefully studied, understood and applied, all kinds of problems can emerge, amongst others unsatisfactory communication, weak partnerships and the wrong hand= ling of children with problems as regards authority.

* The typical individuality or essential nature and character of parent-teacher contact emerges clearly from the characteristic features of parent-teacher contact as a phenomenon.

* Finally, as regards the fundamental nature of parent-teacher contact, it has been found that the delicate balance which must be kept between the acknowledgement of mutual spheres of competence on the one hand, and on the other the realisation that there are areas in which cooperation between parents and teachers is necessary, are determining factors for purposeful parent-teacher contact.

The third specific aim, which is the intended indication of the significance of the specification of parent-teacher contact at micro, meso and macro levels of education, has been attained when it is indicated that parent-teacher contact features strongly at micro level; that particular problems which may emerge due to unsatisfactory parent-teacher contact can be identified, diagnosed and usually solved by means of the theoretical model of society. In the evaluation of instances of real parent-teacher contact-situations it has been found that the theoretical model of society provides a viable and empirically workable criterion for the evaluation of all the facets and problems of parent-teacher contact, because it is possible to indicate various shortcomings and possible solutions which may lead to purposeful parent-teacher contact.

The attainment of the three specific aims has led to the abovementioned general aim being reached.

* It is proposed that the theoretical model of society (by means of which parent-teacher contact can be established correctly according to specific principles) be introduced to students of education, parents, teachers and pedagogues as widely as possible, making use of publications, training and enrichment courses. In this way purposeful parent-teacher contact can be established in the RSA.

The following research possibilities have also emerged from this study:

* Extensive investigations are currently necessary to specify parent-teacher contact on a fundamental, educational basis as regards pre-primary, primary and tertiary education.

* The fundamental educational delineation of parent-teacher contact on an in=formal and non-formal educational basis are separate fields of study which

need specific research.

* The results of more intensive investigations into parent-teacher contact in countries other than the United States of America and West Germany may be profitable for purposeful parent-teacher contact in South Africa.

* Parent-teacher contact in Coloured, Indian and Black education demands se=parate research, particularly in the light of the present unrest in South Africa.

* Supportive research on parent-teacher contact at macro educational level can result in better contact at a higher, formal, statutory level.

* The negative attitudes experienced by parents and teachers as regards pa=rent-teacher contact requires extensive empirical research.

* Separate empirical studies can be undertaken to determine how parent-teacher contact can function more purposefully in practice.

In conclusion it can be stated that parents, as the primary educators of their children, and teachers, as the secondary educators (concerned primarily with the development of the logical-analytical capabilities in correspondence with their other abilities and with the view of life of their parents) have to cooperate and make contact for the sake of the best total education of children to glorify God and their followmen and for the control of the whole cosmos.

OPSOMMING

'n FUNDAMENTEEL-OPVOEDKUNDIGE PRESISERING VAN OUER-ONDERWYSERKONTAK

Na 'n literatuurondersoek en die ontleding van antwoorde op 'n kort ongestruk= tureerde vraelys het dit duidelik geword dat ouer-onderwyserkontak dikwels eerder op aanvoeling as op fundamenteel-opvoedkundige navorsing berus. Die foutiewe opvatting dat die onderwyser hoogstens as 'n *aanvullende ouer* en nie as 'n selfstandige professioneel-opgeleide onderwyser beskou word nie, bring mee dat sy professionele status in die gedrang kom. Daar is verder uit die literatuurondersoek en die response op die vraelys vasgestel dat die volgen= de probleemareas wat in verband met ouer-onderwyserkontak staan of uit gebrek= kige ouer-onderwyserkontak voortspruit, hierdie navorsing aktueel maak:

- negatiewe gesindhede by ouers en onderwysers ten opsigte van ouer-onder= wyserkontak;

- kommunikasiegapings tussen ouers en onderwysers in hulle kontak,

- oningeligtheid by ouers en onderwysers oor ouer-onderwyserkontak as gevolg van gebrekkige of geen opleiding of inligting in verband met kontakwyses;

- onsekerheid oor die aard, struktuur en kompetensieterreine van samelewings= verbande (veral die ouerhuis en die skool), en

- minder doeltreffende ouer-onderwyserkontak in die RSA, veral op die hoog= ste statutêre vlakke.

Die navorsingsprobleem en geïdentifiseerde aktualiteit van die navorsing het gelei tot die formulering van die algemene doelstelling, naamlik dat 'n prin= sipiële of fundamenteel-opvoedkundige presisering van die aard van die kontak van die ouer met die onderwyser in die vooruitsig gestel is, asook 'n fundamen= teel-opvoedkundige identifisering van die kontakterreine wat kan lei tot die neerlê van duidelike uitgangspunte en riglyne waarvolgens die onderwyser pro= fessionele kontak met die ouer kan soek en verlang, en die ouer met die onder= wyser kan saamwerk sonder dat die professionele bevoegdheid van die onderwyser of die kompetensieterrein van die ouer in gevaar gestel word. Die (moontlike) bereiking van die algemene doelstelling het berus op die uitgangspunt dat veral drie besondere doelstellings bereik moes word in hierdie navorsing, naamlik om die *terreine* vir ouer-onderwyserkontak te identifiseer, om die prisipiële *aard* van ouer-onderwyserkontak en die daarmee-gepaardgaande ver=

antwoordelikhede en take van ouers en onderwysers tot kontakmaking te bepaal, en laastens moes gepoog word om die *implikasies* van die presisering van ouer-onderwyserkontak vir mikro-, meso- en makro-onderwysvlak aan te dui.

Om bogenoemde doelstellings te kon bereik, is gebruik gemaak van verskeie erkende wetenskaplike navorsingsmetodes. So moes 'n uitgebreide literatuur=ondersoek of -studie onderneem word om die aktualiteit van die navorsingson=derwerp aan te toon asook om historiese en kontemporêre perspektiewe op ouer-onderwyserkontak as verskynsel te kry. Die literatuurondersoek het verder bygedra tot die samestelling van 'n samelewingsteoretiese model wat op sy beurt kon dien as toetssteen om ouer-onderwyserkontak in die onderwysgeskiede=nis en in ander lande asook op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak te evalueer. Die metode van historiese gewig gekoppel met 'n kort ongestruktureerde vraelys het gedien om die aktualiteit van die navorsing verder te bewys. 'n Samele=wingsteoretiese model kon ontwerp word nadat van die probleem-historiese me=tode en die prinsipieel-besinnende metode gebruik gemaak is. Bepaalde filosowe en opvoedkundiges se wetenskaplike bydraes wat met ouer-onderwyserkontak ver=band hou, moes transendentaal-krities beoordeel word in die soeke na die kon=toere van 'n samelewingsteoretiese model. Daar is verder van die vergelykende metode gebruik gemaak om ouer-onderwyserkontak in twee oorsese lande, naamlik die Verenigde State van Amerika en Wes-Duitsland, te ondersoek en te evalueer, met die stand van sake in verband met ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika in gedagte. Die fenomeen-analitiese metode het gedien om ouer-onderwyserkontak as verskynsel te ontleed en om steeds nader te kom aan 'n fundamenteel-opvoed=kundige presisering van ouer-onderwyserkontak.

Dié metodes het as instrumente gedien om op 'n wetenskaplike weg (i.c. pro=gram van ondersoek) by bepaalde resultate uit te kom. Die ondersoekprogram het saaklik die volgende stappe behels:

* 'n omvattende literatuurstudie;

* die opstel, uitstuur, ontvangs en verwerking van die kort ongestruktureerde vraelys en die antwoorde daarop;

* die soektog na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model deur die eeue;

* die ontwerp van 'n samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak;

* 'n fenomeen-analise van ouer-onderwyserkontak as verskynsel;

* die toetsing van ouer-onderwyserkontak aan die hand van die samelewings=teoretiese model in die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika en in ander lande, en

* die kritiese beoordeling van ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en ma=kro-onderwysvlak aan die hand van die samelewingsteoretiese model.

Die struktuur van die proefskrif stem hoofsaaklik ooreen met die program van ondersoek. In Hoofstuk 1 word die probleem, doelstelling, aktualiteit, metode, terreinafbakening, begripsbepalinge, ondersoekprogram en struktuur van die na=vorsing gegee. Die soeke na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak deur die eeue kom in Hoofstuk 2 aan die orde en die verdere struktuur stem ooreen met die ondersoekprogram wat hierbo beskrywe is. In Hoofstuk 7 is die navorsingsverslag afgesluit met die bevindinge, gevolg=trekkings en aanbevelings.

Die resultate van die ondersoek dui daarop dat die drie besondere doelstellings sowel as die algemene doelstelling van die navorsing bereik is. Die eerste besondere doelstelling, naamlik die beoogde identifisering van kontakterreine tussen ouers en onderwysers, is bereik in diê opsig dat dit gedurende die on=dersoek duidelik geword het dat ouers en onderwysers op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak met mekaar kontak maak. By mikro-onderwys word ingereken die plaaslike skool in al sy bedrywighede en die beheer en bestuur van die skool (i.c. die bestuursrade) op plaaslike vlak asook plaaslike ouerverenigings en ouer-onderwyserkomitees. Ouer-onderwyserkontak op meso-onderwysvlak behels die kontak wat ouers en onderwysers met mekaar maak op georganiseerde basis op streeksvlak (byvoorbeeld skoolrade en streeksrade en die Afrikaanse Ouerver=eniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys op provinsiale vlak). Op makro-onderwysvlak is as kontakterreine onderskei diê gebiede waar ouers en onder=wysers op die hoogste (informele en meer formeel-statutêre) georganiseerde (regerings-) vlak met mekaar kontak maak. As voorbeelde word genoem die Volks=kongres vir Opvoeding en Onderwys (1969) en die Afrikaneronderwyskongres (1982) as meer informele kontakterreine, en die Nasionale Hoofbestuur van die Afri=kaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys as formele (sta=tutêr-erkende) liggaam wat namens die ouers tot op die hoogste owerheidsvlak mag beding.

Die tweede besondere doelstelling, maamlik die vasstelling van die prinsiële aard van ouer-onderwyserkontak en ouers en onderwysers se verantwoordelikheid

en take tot kontaksluiting is ook bereik soos die volgende bevindinge aandui:

* 'n Prinsipiële besinning oor die aard en struktuur van die huwelik, ouerhuis en skool as samelewingsverbande het aan die lig gebring dat laasgenoemde samelewingsverbande nie in isolasie bestaan nie, maar ingebed is in 'n om=vattende samelewingstruktuur waarin samelewingsverbande vervleg is met mekaar en op samewerking aangewys is.

* 'n Samelewingsteoretiese model is ontwerp om vas te stel hoe ouer-onderwy=serkontak moet plaasvind om enersyds nie die individuele selfstandigheid (die beginsel van soewereiniteit in eie kring is hier ter sprake) van die ouerhuis en die skool as samelewingsverbande in gedrang te bring nie, en andersyds om samewerkingsterreine (die beginsel van universaliteit in eie kring geld hier) bloot te lê.

* 'n Belangrike bevinding waartoe na die ontwerp van die vermelde samelewings=teoretiese model gekom is, is dat die prinsipiële aard van doelmatige ouer-onderwyserkontak bepaal word deur die onderlinge erkenning van die bevoegd=heidsterreine van die ouerhuis en die skool. Vir die skool lê sy bevoegd=heidsterrein in die ontsluiting van die logies-analitiese vermoëns van die leerlinge en vir die gesin (waarby die huwelik ingesluit is) in die liefde=volle (etiese) versorging van die kinders. Verbondsouers moet in hulle kon=tak met die onderwysers van hulle kinders vasstel en bepaal of die skoolse opvoedende onderwys in gees en rigting ooreenstem met die lewens- en wêreld=beskouing van die ouerhuis. Die onderwysers moet as vennote van die ouers opvoeding as 'n kontinue eenheidshandeling sien en aansluit by die gees en rigting van ouerhuislike opvoeding.

* Deur die toetsing van ouer-onderwyserkontak in die geskiedenis van die Blanke onderwyswese in Suid-Afrika aan die hand van die samelewingsteore=tiese model, is bevind dat waar ouers van hulle primêre opvoedingseggenskap ontneem word (i.c. waar die staat onderwys oorneem), die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak in sy wese aangetas word en waar ouers weer al=leen skole in stand wil hou (byvoorbeeld CNO-onderwys 1901-1906), ouer-onderwyserkontak uiteraard skade ly, want die beginsel van soewereiniteit in eie kring word sodoende verwerp.

* Waar die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak nie noukeurig nage=vors, begryp en toegepas word nie, kan allerlei probleme ontstaan, soos onder andere gebrekkige kommunikasie, swak vennootskappe en foutiewe han=tering van kinders met gedragsprobleme.

* Uit die grondtrekke van ouer-onderwyserkontak as verskynsel blyk die tipe= rende individualiteit of innerlike wese en aard van ouer-onderwyserkontak duidelik.

* Ten slotte is in verband met die prinsipiële aard van ouer-onderwyserkontak bevind dat die delikate ewewig wat daar gehandhaaf moet word tussen aan die een kant die erkenning van onderlinge bevoegdheidsterreine en aan die ander kant die besef dat daar terreine is waarop samewerking tussen ouers en on= derwysers noodsaaklik is, een van die belangrikste bepalende faktore vir doelmatige ouer-onderwyserkontak is.

Die derde besondere doelstelling, naamlik die beoogde aanduiding van die im= plikasies van die presisering van ouer-onderwyserkontak vir mikro-, meso- en makro-onderwysvlakke, is bereik in die bevindinge dat ouer-onderwyserkontak op mikro-onderwysvlak die sterkste figureer; dat bepaalde probleme wat mag ont= staan as gevolg van gebrekkige ouer-onderwyserkontak aan die hand van die same= lewingsteoretiese model geïdentifiseer, gediagnoseer en meestal opgelos kan word. Die evaluering van eksemplare van werklike ouer-onderwyserkontaksi= tuasies het aan die lig gebring dat die samelewingsteoretiese model 'n lewens= vatbare en empiries-werkbare maatstaf is waaraan al die fasette en probleme van ouer-onderwyserkontak geëvalueer kan word, want bepaalde leemtes kan uit= gewys word en moontlike oplossings wat kan lei tot doelmatige ouer-onderwyser= kontak kan aan die hand gedoen word.

Die bereiking van die drie besondere doelstellings het gelei tot die bereiking van die algemene doelstelling, soos op p.xix geformuleer.

Daar word aanbeveel dat die samelewingsteoretiese model (aan die hand waarvan ouer-onderwyserkontak prinsipieel korrek kan geskied), so wyd as moontlik aan onderwysstudente, ouers, onderwysers en opvoedkundiges bekend gestel moet word deur middel van publikasies, opleiding en verrykingskursusse. Sodoende kan doelmatiger ouer-onderwyserkontak in die RSA bewerkstellig word.

Verdere navorsingsmoontlikhede wat deur hierdie studie ontsluit is, is die volgende:

* Resente en uitgebreide ondersoeke is noodsaaklik om ouer-onderwyserkontak fundamenteel-opvoedkundig te presiseer waar dit in verband staan met pre= primêre, primêre en tersiêre onderwys.

* Die fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak by in=formele en nie-formele onderwys is afsonderlike studievelde wat spesifieke navorsing regverdig.

* Die resultate van ondersoeke na ouer-onderwyserkontak op 'n meer intensiewe basis wat meer lande as die Verenigde State van Amerika en Wes-Duitsland insluit, kan profytlik wees vir doelmatige ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika.

* Ouer-onderwyserkontak in die Kleurling-, Indiër- en Swart Onderwyswese vereis afsonderlike navorsing, veral in die huidige onrustige tydsomstan=dighede in Suid-Afrika.

* Ondersteunende navorsing oor ouer-onderwyserkontak op makro-onderwysvlak kan meer en beter kontak op hoër formele statutêre vlak bewerkstellig.

* Negatiewe gesindhede van ouers en onderwysers ten opsigte van ouer-onderwy=serkontak verg omvattende empiriese navorsing.

* Afsonderlike empiriese studies kan onderneem word om vas te stel hoe ouer-onderwyserkontak in die praktyk meer doelmatig kan funksioneer.

Ten slotte kan gekonstateer word dat ouers as die primêre opvoeders van hulle kinders, en onderwysers as sekondêre opvoeders (wat primêr begaan is oor die ontsluiting van leerlinge se logies-analitiese vermoëns in samehang met hulle ander funksies en in ooreenstemming met die lewensopvatting van die ouers), moet saamwerk en kontak moet maak ter wille van die beste totale opvoeding van kinders tot eer van God en in diens van hulle naaste en tot kosmosbeheersing.